

Voorwoord

Iemand het eenkeer gesê: *Al wat ons gaan saamneem hemel toe, is ons kinders!* In 'n sekere sin is dit waar, nê? Ons is besig met ewigheidswerk wanneer ons kinders opvoed. Soveel meer wanneer ons in die kategeseklas met verbondskinders besig is.

Dit is vir ons 'n baie groot voorreg om deel te wees van hierdie dinamiese, opwindende proses: om kinders van die Here tot geloofsvolwassenheid te begelei.

Daar word baie dinge van ons verwag: hoe ons self 'n voorbeeld moet wees in die uitlewing van ons geloof, hoe ons kindervriende moet wees, en nog baie ander dinge. Bo alles is dit egter belangrik dat ons moet lief wees vir die Here. Dan sal hierdie werk maklik wees, want al wat ons eintlik doen, is om te wees wie ons reeds is. Hierdie handleiding sal help om ons voor te berei sodat ons elke Sondag gereed sal wees om ons klas te begelei en ons kinders tuis te help. Doen dit biddend, dan sal enige tekortkominge in die leerstof tot Koninkrykswerk omskep word. Mag dit vir ons almal 'n opwindende jaar wees!

Dr Johan Nel
Samesteller

So werk die kategese

Die kategesereeks waarvan hierdie boek deel is, werk op die volgende basis: Daar bestaan drie fasegroepe van graad R tot by graad 10. Graad R tot graad 3 vorm die eerste fase, graad 4 tot graad 7 die tweede fase, en die laaste fase is graad 8 tot graad 10. Daar word deurgaans vier tipes lesse in elke boek vir alle grade aangebied.

- **Graadles**

'n Graadles is 'n les wat vir die kinders van daardie spesifieke graad geskryf is. Dit is 'n gewone les soos ons dit altyd geken het en word op die gewone manier aangebied. Die getal lesse wissel van twee tot drie per kwartaal. Waar daar net twee lesse is, is die derde een altyd 'n hersieningsles.

- **Gesinsles**

'n Gesinsles is ook vir kinders van 'n spesifieke graad geskryf, maar met die verskil dat die hele gesin die geleentheid bywoon. Dit word een keer per kwartaal aangebied. In die lig hiervan moet ouers gewoon gemaak word om as deel van die nakoming van hulle doopbelofte hierdie deel van die kategese saam met hulle kinders deur te maak. 'n Gesinsles is altyd so saamgestel en word so aangebied dat die hele gesin daarby betrokke raak. Die fokus van hierdie lesse val op gesins- en ouer-kind-verhoudings. Die betrokkenheid van gesinne in die hele gemeentepopset word ook hier veronderstel. Omdat ouers bewus moet wees wanneer hulle die lesse moet bywoon, moet kategete reeds aan die begin van die jaar datums aan die ouers voorsien en hulle kort voor die les weer herinner.

- **Faseles**

Faselesse word aan al die kinders van 'n spesifieke fase aangebied: graad R tot graad 3, of 4 tot 7, of 8 tot 10. Hier val die klem op gemeenskaplike sake wat relevant is vir kinders van daardie fase. Aldrie of alvier kategete van 'n spesifieke fase moet dus seker maak dat roosters nie bots nie en wie verantwoordelik gaan wees vir die aanbieding van daardie les. Ter wille van die samehorigheidsgevoel en dissipline, moet aldrie of alvier kategete teenwoordig wees wanneer die les aangebied word.

- **Praktykles**

'n Praktykles is 'n les wat ten doel het om ons geloofskennis te laat uitmond in fisiese geloofsdade in die praktyk soos ons lees in Jakobus 2: 17: *So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot daad oorgaan nie, is dit sonder meer dood.* Daar moet by hierdie lesse daarop gelet word dat dit soms baie voorbereiding verg in die sin dat afsprake met individue of instansies gemaak moet word, reëlins getref moet word met betrekking tot vervoer, ensovoorts. Kyk reeds aan die begin van die jaar na al die praktiese lesse, en tref betyds reëlins na die aard van elke les.

'n Slotwoord van my kant af: Mag jy vanjaar met jou betrokkenheid by kinders krag, insig, geloof en verantwoordelikheid van die Here ontvang. In Christus se voetspore sit jy deur die leiding van die Heilige Gees as't ware ook jou arms om kindertjies, lê hulle die hande op en seën hulle. So verkry jy 'n eervolle plek in die gemeente, groot sekerheid in jou geloof in Christus Jesus, en sal jy na hierdie lewe deel in die vreugde van jou Here.

Dr Hannes Beukes
Hoofredakteur

Medewerkers

Dr Johan Nel
Mev Annette Smit